



Weeklikse graanmarkverslag



Bemaking- en Agribesigheidsafdeling

www.elsenburg.com

27 Maart 2015

Carine van Zyl
Tel: (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 27 Maart 2015 vir koringlewering in April was R3 844 per ton gelewer te Randfontein.


Kommoditeit	MTM-pryse (27/03/2015) R/mt					Week eindig R/mt 20/03/2015	Vergelykende verhandelings- dag R/mt 28/03/2014	% Verandering
	Apr-15	Mei-15	Jul-15	Sep-15	Des-15	Mar-15	Apr-14	Apr-14 tot Apr-15
Koring (RFTN)	3844	3880	3922	3845	3800	3860	4000	-4%
Geelmielies	2427	2422	2409	2447	2481	2500	2794	-13%
Witmielies	2624	2634	2647	2687	2735	2697	3185	-18%
Sonneblom	4900	4910	4995	5095	5156	5075	4762	3%
Sojabone 50ton	4760	4784	4843	4892	4970	4995	5732	-17%
Sorghum	-	2475	2425	2480	-	2495	2780 (Mei-14)	-11% (Mei-14 tot Mei-15)
Geelmielies 10ton	-	-	-	-	-	-	-	-
Witmielies 10ton	-	-	-	-	-	-	-	-

Bron: SAFEX, 2014 & 2015

Wintergewasse: Die koringprys vir lewering in Maart het die week op R3 844 per ton gesluit, slegs R16 per ton laer as die vorige week en R156 per ton laer as die vergelykende verhandelingsdag in 2014. Koring het die afgelope maand op redelike hoë vlakke verhandel, maar die prys is besig om terug te sak.

Gedurende die week 14-20 Maart 2015 is daar 7 356 ton koring gelewer, dit bring die SAGIS koringlewerings vir die seisoen vanaf 27 September 2014 op 1 664 431 ton, ingesluit 'n lewerings-regstelling van ongeveer 6 800 ton aan die begin van die maand (SAGIS, 2015).

In week 25, 14-20 Maart, is daar 6 580 ton koring na die buurlande uitgevoer, diè uitvoere bring die totale uitvoere vir die seisoen tot 124 777 ton (SAGIS, 2015). Die week is daar 12 094 ton vanaf Oekraïene en 9 025 ton vanaf die VSA ingevoer; dus bring dit die totale koringinvoere vir die seisoen op 969 796 ton (SAGIS, 2015). Die grafiek toon die weeklikse en progressiewe koringinvoere vir die seisoen, week 1 – 25.




Die invoerpariteit van VSA koring het oor die afgelope 2 weke met ongeveer R600 per ton gestyg; vir lewering in Randfontein is dit op R4 559 per ton, teenoor R4 159 per ton vir lewering in Durban volgens Graan SA se berekening. Invoerpariteit van Duitse koring gelewer in Randfontein het die week op R3 916 per ton te staan gekom en R3 516 per ton vir lewering in Durban, R500 per ton styging sedert die middel van Maart. Die invoerpariteit van Argentynse koring gelewer in Randfontein word op R4 089 per ton bereken en R3 689 per ton vir lewering in Durban, ongeveer R450 per ton hoër as die twee weke gelede (Graan SA, 2015).

Die USDA reken dat Suid-Afrika in 2015 'n rekord laagtepunt van 450 000 hektaar koring sal aanplant (Agrimoney, 2015). Gevolglik word die produksie op 1.7 miljoen ton gereken (Agrimoney, 2015), teenoor die 1 775 534 ton vanaf 476 570 hektaar wat as die finale oesskattings-komitee (NOK) in Februarie vir 2014 geskat is. Diè finale koringaanplantings-skatting deur NOK is ongeveer 900 000 hektaar minder as wat in die 1997/98 seisoen aangeplant is. Die finalisering van die 2014 koringoes word in Mei gedoen. Die USDA verwag dat die daling in die koringoppervlak, asook die koringproduksie in die toekoms volgehou sal word, en dat Suid-Afrika se invoere tot 1.9 miljoen ton sal kan styg om aan die groeiende plaaslike vraag te voorsien (Agrimoney, 2015). Die koringprys sal dus volhou om rondom die invoerpariteit te verhandel.

Die amptelike voorneme om koring in 2015 te plant word in April deur NOK bekend gemaak, terwyl die voorlopige oppervlakte beplant in Junie aangekondig is, waarna die eerste oesskattings in Augustus beskikbaar sal wees.

Sien die onderstaande insetsetel i.v.m. die verhoogde koringtarief.



Somergewasse: "During January and February of 2015, most parts of South Africa's main corn producing areas experienced extreme drought conditions that impacted negatively on yields, especially as it was also during the period of pollination," (Agrimoney, 2015). Die mielies wat nie goed bestuif is nie en waar die pitte ook nie goed gevul is nie kan tot hoër volumes swakker kwaliteit (2^{de} graad) mielies lei wat gewoonlik in die voermark gebruik word (BVG, 2015).

'n Meningsopname deur Reuters het aangedui dat die mark die tweede oesskattings vir mielies nader aan 10 miljoen ton verwag het, veral nadat reën op talle plekke voorgekom het. Diè laat reën was egter nie genoeg om die mielie-oes te red nie aangesien bestuiving in baie gevalle reeds plaasgevind het. Die gevolglike styging in die mieliepryse sal waarskynlik produsente kan aanmoedig om meer somergewasse

in die komende seisoen te plant (Agrimony, 2015). Die finansiële posisie van sommige produsente a.g.v. die droogte kan moontlik dië optimisme beperk.

Die Vrystaat en Noordwes provinsies wat in die 2014 verantwoordelik was vir 64% van die mielie-oes in Suid-Afrika sal vanjaar a.g.v die droë toestande slegs 'n baie 56% bydra maak. Die opbrengs van wit- en geelmielies word onderskeidelik deur NOK op 3.2 ton per hektaar en 4.17 ton per hektaar gereken. Sien ook die meegaande grafieke, soos saamgestel deur NOK.

In Februarie het die eerste NOK oesskatting vir die seisoen op 'n laagtepunt van 9 665 290 miljoen ton mielieproduksie gedui. Dië produksie is 32% laer as die vorige jaar se oes van 14 250 000 ton vanaf 2 688 200 hektaar. Die tweede oesskatting in Maart dui die mielie-oes effe hoër op 9 666 350 ton vanaf 2 652 850 hektaar aangeplant; 4 639 400 ton witmielies (-40% op die vorige seisoen) en 5 026 950 ton geelmielies (-23% op die vorige seisoen). Die aanplantingsoppervlak is slegs 1.3% laer as die vorige seisoen. In die USDA se WASDE verslag word die Suid-Afrikaanse mielie-oes as 11.5 miljoen ton aangedui, teenoor die jongste amptelike oesskatting van 9 666 350 ton op 25 Maart 2015.

NOK se oesskatting vir die meeste van die somergewasse was nie beduidend anders as die vorige maand nie. Die verwagte sonneblomoes is nou 578 600 ton (1 ton per hektaar), en die verwagte sojaboonoes 942 850 ton (1.37 ton per hektaar). Die verwagte grondboonoes is 66 225 ton, wat 2.4% laer is as die vorige skatting. Die skattings van die sorghum- en droëboonoes is wel redelik laag as die eerste oesskatting; die verwagte sorghumoes is 158 300 ton (-11.42%), en die verwagte droëboon-oes is 75 815 ton (-5.16%).

Oesbepaling is uiters moeilik in so 'n jaar; dus is daar verskeie graanmark deelnemers wat reken dat die grootte van die mielie-oes eers ná strooptyd bepaal sal kan word en selfs dan kan die grootte van die oes betwyfel word. Daar word ook verwag dat produsente wat dit kan bybring witmielies gaan terughou in 'n poging om beter prys later mee te ding.

Koring invoertarif : Die koringbedryf hetin 2013 aansoek gedoen om die verwysingsprys van koring aan te pas, om 'n hoër vlak van ondersteuning as in die verlede aan die plaaslike produsente te bied. 'n Verwysingsprys van \$294 per ton is in mid-2013 goedgekeur (GraanSA, 2013). 'n Tarief op koringinvoere sal geaktiveer word sodra die internasionale *Hard Red Winter* (HRW) No. 2 VAB/ (Vry-Aan-Boord) koringprys vir 'n periode van 3 agtereenvolgende weke \$10 laer as die verwysingsprys verhandel (GraanSA, 2014).



Die koringprys het eers in September 2014 vir die eerste keer nadat die nuwe verwysingsprys ingestel is gesien dat die HRW-koringprys \$10 laer as die verwysingsprys verhandel het om 'n koringtarief van R157 per ton te kon aktiveer. Die tarief is op 10 Oktober 2014 geïmplementeer, en gevolglik is die nuwe basisprys tot R279.67 per ton verander (SAGIS, 2015).

Die internasionale prys van HRW-koring het reeds weer vroeg in Februarie vir drie agtereenvolgende weke met ten minste \$10 per ton onder die R279.67 vlak verhandel, en op 13 Maart 2015 is die 'n **nuwe koringtarief van R461 per ton** geïmplementeer (SAGIS, 2015). Die nuwe tarief is bykans 3 keer meer as die tarief wat sedert Oktober 2014 inwerking was.

Volgens Prof Johan Willemse dui die hoër tarief van koring daarop dat die plaaslike koring op 'n hoër vlak met ingevoerde koring kan meeding; ongelukkig word die produsenteprys nie noodwendig hierdeur bepaal nie. Die tarief verplig ook nie die kopers (veral die meulenaars) in die koringmark om duurder vir die koring te betaal nie, maar ten minste word bied die tarief beskerming indien internasionale pryse verder daal (Landbouweekblad, 2015).

GraanSA noem dat dië nuwe vlak redelik na aan die beskermingsvlak van R470 per ton is wat alreeds 5 jaar gelede aangevra is om die kwyndende plaaslike koringbedryf te red. Op daardie stadium was 'n tarief van slegs R140 per ton ingestel, wat die bedryf eerder as 'n 'troosprys' bestempel het (Landbouweekblad, 2015).

"Die invoertarif lewer 'n groot bydra om die plaaslike produksievlakke te handhaaf en toegang tot plaaslik geproduseerde kwaliteitskoring aan die bedryf te verseker", sê Graan SA. Na gelang van die konflik in een van Suid-Afrika se grootste invoerlande, is dit wys om die plaaslikebedryf in die lig van voedselsekuteit te beskerm, en sodoende die afhanklikheid van riskante invoere te beperk. "Die hoër invoertarif kan plaaslike meulenaars verplig om beter pryse vir plaaslike koring aan te bied as hulle nie teen die hoër prys (waarby die verhoogde tarief ingesluit is) wil invoer nie", sê Mr Wessel Lemmer van GraanSA aan die Landbouweekblad.



Al reeds vroeg in die seisoen was daar 'n ongetwyfelde indikasie dat Suid-Afrika in 2015 mielies sal moet invoer. *GraanSA* het bevestig dat daar reeds verskeping vanaf Argentinië en Oekraïne bespreek is om tot en met Maart 2016 te lewer. Die mielies vanuit Suid-Amerika is tot dusver bestem vir die Kaapse hawe hoofsaaklik vir voer aan die melkbedryf in dië provinsie (*Bloomberg*, 2015). Die invoere is huidiglik gemik op die geelmielies vir die voerbedryf, indien die tekort situasie in terme van die witmielie-oes vereger, dan sal dit tot drasties prys stygings in die plaaslike mark kan lei aangesien daar min witmielies internasionaal beskikbaar is.

Die plaaslike mielieprys het die week onder druk gekom, en geel- en witmielies vir lewering in April verhandel onderskeidelik die week op R2 427 per ton en R2 624 per ton (*SAFEX*, 2015). Die geel- en witmielies is beide R73 per ton laer as die vorige week. Die swakker Rand ondersteun die pariteitspryse tans, wat 'n sekere mate van ondersteuning aan graanpryse gebied het (*BVG*, 2015). Die prys vir geel- en witmielielewering in April was verder onderskeidelik 13% (R367 per ton) en 18% (R561 per ton) laer as die vorige jaar se vergelykende verhandelingsdag. Fundamenteel bly die swakker weerstoestande 'n noemenswaardige faktor vir plaaslike prysvorming, veral met 'n langertermyn vooruitsig. Sover die jaar het die witmielieprys met 26% tot R2 624 per ton gestyg, teenoor die geelmielieprys wat met 13% tot R2 427 per ton gestyg het. Die styging in die somergraanpryse plaas druk op die inflasie; die prys van meliemeel, pluimvee en ander vleis sal gevolglik ook styg.

Gedurende die week 14-20 Maart is daar 11 566 ton witmielies en 3 058 ton geelmielies uitgevoer. Die totale geelmielie- en witmielie-uitvoere vir die seisoen staan onderskeidelik op 1 390 920 ton en 486 809 ton (*SAGIS*, 2015).

Die weeklikse produsente lewering dui op 6 420 ton witmielies en 27 463 ton geelmielies. Die totale produsentelewerings vir witmielies vir die seisoen op 7 430 319 ton, teenoor 5 939 323 ton geelmielies (*SAGIS*, 2014).

Die *USDA* reken dat daar met die volgende aanplanting ongeveer 135 000 hektaar meer mielies aangeplant sal word, om ten einde 3.2 miljoen ton mielies in 2016 te oes (*Agrimoney*, 2015).




2. EKONOMIE & ENERGIE

'n *Reuters* meningsopname het vroeg in die week getoon dat daar geen deelnemende analiste was wat verwag het dat die Reserwe Bank die rentekoers nou reeds sou verhoog nie, maar daar was konsensus dat hul sal verwag dat die rentekoers wel in 4Q15 sal verhoog (*RMB*, 2015).

Die geldeenheid is heel wisselvallige sedert die begin van die jaar, maar daar was 'n verswakking in die Rand teenoor van die vernaamste geldeenhede. Die Rand se geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 27 Maart 2015 waarteen dit teenoor die *VS-Dollar* verhandel het, was R12.03 (*Reserwe Bank*, 2015). Die *Britse pond* het Vrydag teen R17.82 en die *Euro* het teen R13.01 teenoor die Rand verhandel (*Reserwe Bank*, 2015).

Die *Department van Energie* het die week aangekondig dat die petrolprys in April met R1.61 per liter sal styg (*FIN24*, 2015). April se styging is die tweede agtereenvolgende maand met petrolprys stygings, na maande van dalende pryse; beide dië stygings is gedryf deur die hoër ru-olieprys asook die swakker Rand. Die jongste styging sluit ook die 80.5 sent per liter styging van die brandstofheffing en die padongelucksfonds in (*FIN24*, 2015), wat tydens die Februarie begroting deur Minister Nene aangekondig is.

Die *Efficient Group* reken dat selfs indien die Rand tot R12.65 teenoor die Dollar daal, en die Brent ru-olie tot \$75 per vat styg, die "petrol prices should only increase about R1.60 per liter towards the



end of the year. In the end, consumers will only be marginally worse off than they were a year ago, considering what they spend on fuel" (FIN24, 2015).

Ten spyte van die groot styging in die maand se brandstofprys, het Eskom ook aangekondig dat die elektrisiteitskoste drasties gaan verhoog. Verbruikers wat elektrisiteit direk van Eskom ontvang sal 'n verhoging van 12.69% in April beleef, terwyl die verbruikers wat hul elektrisiteit vanaf die munisipaliteit ontvang, vanaf Julie met 14.25% verhoging sal moet saamleef soos goedgekeur deur die *National Energy Regulator of South Africa (Nersa)*. Eskom kyk ook na 'n verdere 9.58% verhoging vir die 2015/16 finansiële jaar (FIN24, 2015), indien die versoek goedgekeur word sal dit 'n verhoging van meer as 20% wees. Die hoër brandstof en elektrisiteits koste plaas spesifiek druk op die "already tight household finances, exacerbating the impact of factors such as tight labour market dynamics and high levels of debt".

Brent ru-olie het verhandel vroeg in die week onder \$55 per vat verhandel, maar styg aan die einde van die week toe onder andere Saudi Arabië 'n militêre operasie teen die Irak –ondersteunende rebelle in Yemen uitgevoer het (RMB, 2015). Daar is aangeneem dat die ru-olie aanbod in die Midde-Ooste onderbreek is en dat Brent ru-olie gevolglik met 6% tot \$58.83 per vat gestyg het. Daar is



ook kommer oor die verdere verspreiding van die konflik uiteindelik tot grootskaalse onderbreking in die olievoorsiening in die Golf-area kan lei. "Any war in an oil producing country is bullish news for the oil markets. But Yemen is not even a major oil producer, with a global rank of 39 in oil production," (New York Times, 2015). Wat die styging anders maak, is die feit dat die olieprys ten spyte van die problem in Libië, die ISIS gevegte in die olie-ryke Irak, of Rusland en Oekraïne sulke styging tot gevolg gehad het nie. Die lande is almal veel groter speler in die internasionale oliemark. Sedert Januarie het Yemen se konflik ongetwyfeld hul bure, Saudi-Arabië ontwrig, maar verder ook omdat "there a Saudi-led operation in Yemen is, which has been a failed state for some time, should not be a surprise" (New York Times, 2015). Spekulators reken dië styging word toegeskryf aan die verwagting van 'n opvolg teen-aanval nadat Saudi die Yemen rebele aangeval het, maar aangesien die oliemark en die VS-Dollar ook die afgelope 4 maande tandem was, het dit ook 'n groot invloed op die prys gehad (New York Times, 2015).

Griekeland se risiko beweeg verder na die agtergrond, aangesien die betrokke partye ooreengekom het oor die nodigheid van die 'bailout' uitstel. Ten spyte van die ooreenkoms is daar is steeds nie veel vordering t.o.v. die besonderhede van die ooreenkoms nie. Indien daar geen vordering gemaak word teen einde April nie, sal Griekeland 'n ernstige geld ondervind, maar "a continued run on Greek banks could generate a crisis before then" (RMB, 2015).

3. INTERNASIONALE SITUASIE

Produsente in die **Europese Unie (EU)** sal oor die algemeen laer graanopbrengs as die vorige jaar realiseer ten spyte van die algemene gunstige toestande. Die laer opbrengs verwagting word vir gars, mielies en koring aangedui wanner vlakke tot laer as die 5-jaar gemiddeld kan daal, en die opbrengs is ook laer as die vorige jaar se besonderse goeie oeste. Dele van Duitsland, Portugal en Spanje het wel droë periodes beleef, terwyl Romenië uiters nat was. Die seisoenale vooruitsig word tans in Agrimoney as "predominantly positive" bestempel; "winter crops are generally in good shape and well developed in the EU due to the mild winter conditions, and in general, prospects for the new season are promising."

Reën in die suidelike **VSA** het nog 'n positiewe impak op die winterkoring, maar het negatief op die vroeë vordering en veldwerk van lente-aanplanting ingewerk. Toestande vir winterkoring het in Teksas tot 55% in 'n 'goeie' en 'baie goeie' toestande verhoog. In die *High* en *Low Plains* was daar vordering a.g.v die warmer temperature (USDA, 2015). In Oklahoma het die oes ook verbeter, tot 44% van die oes in die top 2 kategorië, en in Kansas, die top koringproduksie staat, was daar slegs ligte reën buie wat die deel van die oes in 'n 'goeie' en 'baie goeie' toestand onveranderd op 41% gebly het (USDA, 2015).